LAERSKOOL BAKENKOP

Posbus 51928, Wierdapark, 0149
Tel 012 – 653 4187/8 faks 012 653 4129
Underbergstraat, 5 Wierdapark, Centurion
E-Mail johansch@telkomsa.net /bakenkop@telkomsa.net
www.laerskoolbakenkop.co.za

14 Julie 2010

OUEROMSENDBRIEF 19/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Bevorder kommunikasie

Situasies doen hulself voor dat dit nodig is om weer kommunikasie met die kind in die huis te stip. In sommige gevalle, as gevolg van uitvalle t.o.v. ontwikkeling of ander psigologiese redes of selfs oordrewe drang om die eie besluit te laat seëvier, en soms na hantering van stoutighede, is verstewiging van kommunikasie nodig.

- **Identifiseer en neem die kind se individuele behoeftes in ag.**
- **Bevorder onafhanklike denke by die kind as hy/sy wys dat hul dit wil waag.**
- **Vermy dit om die kind te verras met 'n vraag wat 'n skielike antwoord vereis.**
- **Gee die kind genoegsame tyd om te dink en reageer op die vraag.**
- **Praat stadig en gee inligting in klein verwerkbare brokkies.**
- **Skryf oook die mondelinge inligting op die swartbord sodat meer sintuie van die leerder betrek word.**
- **Beloon beter kommunikasie eerder as om swak kommunikasie te bestraf.**

Bronne:

1. **Pillay Jace, Di Terlizzi, Marisa November 2009. South African journal of education volume 29, number 4. A Case Study of a learner's transition from mainstream schooling to a school for learners with special needs 9LSEN): Lessons for mainstream education, p 491-509.**
2. **ADHD and Strattera. A guide for teachers p. 8**

HOOFBORG McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN
ONDERSTEUN HULLE ASB. TEL: 012 653 9400

2. BEMARKER

Die Beheerliggaam van Laerskool Bakenkop het Mev. Izett Grimzell aangestel as BEMARKER van Laerskool Bakenkop. Die pos word gevul vanaf 1 Julie 2010.

Ons heet Mev. Grimzell welkom as lid van die skool se span. Sy sal 'n spesiale rol vervul waarvoor die onderwysers nie altyd tyd kon vind nie.

3. DERDE KWARTAAL 2010

Baie welkom aan ouers, leerders en skoolpersoneel vir die derde kwartaal. Na die sokker kan die normale dinge weer lekker wees.

Sterkte vir al die aktiwiteite van hierdie kwartaal. Ek weet dit sal goed gaan.

4. ONDERWYSPERSONEEL

Met Mev. Bestbier se aftrede sal Mev. Jeanette Olivier in haar pos waarneem tot die einde van die jaar.

Mev. Elize Strydom is terug in haar pos na kraamverlof.

5. ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF

Die elektroniese omsendbrief word vanaf Maandag 19 Julie 2010 publiseer.

Vandag word die CD-skywe vir ouers gestuur. U laai dit, in u rekenaar en die aksie sal outomaties geskied.

Die beeld sal elke oggend om 08:00 verskyn, u kan lees en dit verwyder.

L.W.: Stuur asseblief die CD skyf terug na die skool: Ons gebruik dit oor en oor vir nuwe intrekkers. Ons wil graag al die CD-skywe DV op Vrydag 16 Julie terug ontvang, indien moontlik.

'n Papierafdruk van die week se omsendskrywes sal elke Woensdag aan die leerders gegee word waarvan ouers nie internettoegang tuis het nie.

6. SKOLIERPATROLLIE

Net 'n paar reëlings sodat sake vlot kan verloop met die skolierpatrollie.

Ouers moet asb. hul kinders by die skolierpatrollie-punte oor die pad vat in die oggend en middag. Dit is vir u kind se eie veiligheid.

Ouers moet asb. <u>nie</u> stilhou en uit hulle motors klim voor die hek nie. Dit veroorsaak 'n verkeersknoop.

'n Maksimum van 1 minuut word toegelaat om leerders voor die hek af te laai.

Baie dankie vir u samewerking.

***7.* RAPPORTE**

Die rapporte word op 23 Julie 2010 aan leerders uitgedeel.

8. OUERAAND

Oueraand is D.V. op Maandag 26 Julie 2010.
Tyd : 17:00 tot 19:00.

9. SIEK BAKIE – HELP ASB. !!!

Een van ons Bakie-leerders het dringend behandeling nodig –hulle mediese fonds kan nie vir die behandeling betaal nie – kan ons hulp vra ??

Vrydag 15 Julie 2010 mag alle Bakies enige "uithangklere" aantrek en ons vra dat hulle dan 'n donasie bydrae (R10.00 of meer) skenk vir die voorreg.

Alle bydraes sal gaan vir ons maat se behandeling !

Dankie dat ons op julle kan staatmaak !!

10. SENIOR KOOR

Elke koorlid het 'n brief ontvang met alle optredes en reëlings vir die kwartaal. Vul skeurstrokie in en stuur asb. vir Juf. Chanel Gouws.

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOF

**>>>